

Geestelike Paraatheid

Dr. Gerrie de Haas



**Ek tob en was spyt oor die verlede, en
ek het die toekoms gevrees –
Skielik praat die Here met my**

“My Naam is Ek is”

**En ek luister en ek hoor –
“Wanneer jy in die verlede leef
met al sy foute en hartseer en berou
is dit moeilik vir jou, want Ek is nie daar nie
My Naam is nie: Ek was nie.**

**Wanneer jy in die toekoms leef
met al sy probleme en vrese
is dit moeilik vir jou, want Ek is nie daar nie
My Naam is nie: Ek sal wees nie.**

**Wanneer jy in hierdie oomblik leef
is dit nie moeilik nie, want
Ek is deurentyd hier vir jou.**

My Naam is Ek is.”

Eks.3:14

GEESTELIKE PARAATHEID

1. INLEIDING:
2. DIE GEESTESWÊRELD: Wat het in die verlede gebeur?
3. DIE SATAN EN DEMONIESE MAGTE:
4. KAN DEMONE NOG ENIGE INVLOED OP 'N CHRISTEN HÊ?
5. OPENINGE VIR DEMONIESE INFILTRASIE:
 - (i) OORERWING: (3de en 4de geslag oordrag)
 - (a) Voorvadergeeste.
 - (b) Familiële geeste.
 - (c) Vrymesselary en ander groepe.
 - (ii) OKKULT-BETROKKENHEID:
 - (a) Die Okkulte.
 - (b) Satanisme.
 - (iii) SEKSUELE SONDE:
 - (iv) REBELLIE
 - (v) VERSLAWING:
 - (vi) DIE "ISEBEL" - GEES:
6. SIELSVERBINTENISSE: ("Soul Ties")
7. VLOEKE:
8. TOESTANDE WAT LATER PROBLEME KAN GEE:
 - (a) Verwerping.
 - (b) Bitterheid.
 - (c) Vrees.
 - (d) Trots en kritiek.
 - (e) Rassisme.
 - (f) Besluitloosheid.
 - (g) Perfeksionisme.
9. ONS GEESTELIKE WAPENS:
10. GEBED:

1. INLEIDING

Die vraag word vandag baie duidelik gevra:

“Is u geestelik, emosioneel en liggaamlik gereed en paraat vir dit wat vir ons in die toekoms wag?”

Daar is tye en seisoene wanneer God die oë van `n generasie oopmaak vir die geestelike realm, om aan hulle verborge waarhede te openbaar.

Ons leef nou in een van daardie seisoene.

Die Gees van Wysheid en Openbaring is besig om die oë van God se kinders te open, soos nog nooit voorheen nie.

Al Satan se strategië is besig om ontmasker te word, en die kerk is op die punt om `n seisoen in te gaan van ongekende geestelike oorlog en oorwinning.

God se plan is om ons in totale vryheid te laat lewe.

Die Woord verklaar daarom dat as God ons vrymaak, sal ons waarlik vry wees.

Dis alleen wanneer ons in die volle waarheid kom dat ons vry sal wees.

Sedert die begin van die wêreld het Satan baie maniere geskep om mens weg te hou van die aanbidding van die ware en enigste God. Hy wou dit regkry om mense te dwing in `n staat, waar hulle mensegemaakte dinge aanbid, i.p.v. die Skepper God self.

Die gees van Satan is voortdurend in `n staat van oorlog teen die Gees van God – met die gevolg dat al God se volgelinge betrokke is in dié oorlog.

Hierdie oorlog is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug. **(Efes 6:12)**

Net soos wat daar 'n **Gees van Jesus Christus** in die wêreld is **(Fil 1:19)**, so is daar ook 'n **gees van die Antichris** **(1Joh 4:1-4)**.

Geestelike paraatheid:

Hierdie onderwerp word al hoe belangriker in die gelowige se lewe namate die aanslag van die bese feller word.

Geen Christen mag meer oningelig hieroor wees nie, want onkunde maak jou 'n maklike teiken.

Ons moet ons vyand ken en weet dat hy nie 'n oomblik rus nie.

Ons moet ook weet dat die gelowige wat met sy lewe en hart aan die almagtige God vashou, niks het om te vrees nie.

Elke Christen het God se krag, tesame met 'n hele arsenaal kragtige en effektiewe wapens, tot sy beskikking, en moet daarmee die magte van die boosheid konfronteer en terugdryf.

God en nie Satan nie, moet deurgaans die middelpunt van ons bespreking wees.

Ons mag ook nooit in die negatiewe vaskyk nie.

Hierdie skrywe is slegs 'n handleiding om u bewus te maak wat in die geestelike wêreld gebeur.

Dit is nooit geskryf om 'n volledige gids te probeer wees nie.

2. DIE GEESTESWÊRELD

Wat het in die verlede gebeur?

In die ewige verlede was die drie-enige God nog altyd daar:

God die Vader,

God die Seun, en

God die Heilige Gees.

God skape vir hulle ontelbare engele om hulle te dien en te aanbid.

Sien: **Kol 1:16**

Onder die engele is die aartsengele soos Migael en Gabriël, die Gerubs, die Serafs en die gewone engele.

Engele is in verskillende ordes en range georganiseer.

Lucifer was 'n Gerub – pragtig, vol wysheid en volmaak. Ook genoem die skitterende een – die môrester. **Eseg 28:5,13,15.**

Hy is nie met sonde geskape nie, maar eendag het gedagtes van trots, hoogmoed en ongeregtigheid in hom opgekom.

Omdat engele ook 'n vrye wil het, is daar altyd 'n moontlikheid dat hulle kan sondig.

Lucifer wou nie meer aangaan in die posisie van 'n dienaar nie, nee hy wou self god wees. **Eseg 28:15–18; Jes 14:11–13.**

'n Derde van die engele volg hom in sy tyd van rebellie.

Sy sonde en opstand word nie geduld in die hemel nie en so word hulle almal uit die hemel gewerp.

Hulle word gestroop van hulle pragtige liggame en word slegs as geeste uitgegooi op die aarde.

Sommiges val in die hemel, ander op land, ander in water en sommige in die doderyk.

Lucifer verloor ook sy naam en staan nou bekend as "Satan" wat beteken teenstander, of "duiwel" wat bedrieër is.

Saam met hom die gevalle engele, nou genoem "onrein geeste", "bose geeste" of "demone" (alles name vir dieselfde geeste).

Satan word nou op aarde die leier van die gevalle engele of die demone.

DIE VIER VLAKKE VAN DIE GEESTES-WÊRELD:

Eksodus 20:3-5

"...Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat **bo in die hemel** is, of van wat **onder op die aarde** is, of van wat in **die waters onder die aarde** is nie.

Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat..."

Die Bybel sê duidelik dat gode aanbid kan word in die **hemel bo**, die **aarde onder** en **in die waters onder die aarde**.

Toe Satan en sy demoniese mag van gevalle engele uit die Hemel neergewerp is, het hulle op hierdie vier plekke geland, en net daar beheer oor hierdie plekke geneem, en vestings daar gebou.

1. Bo in die hemel (Efes 2:2)

Dis die tweede hemel.

Al die geeste van die lug versamel hier.

2. Op die aarde;

Dit is nou waar ons dierlike geeste, die geeste van die berge (bv. "the spirit of the Andes"), die valleie, bome en woude kry, bv. trolle (die naam beteken "demone").

3. In die water; en dit is waar ons water-geeste kry, bv. soos die gees van meermin, die gees van Neptunus en die geeste van die koningin van die kus.

4. Onder die aarde; dit is die realm van die doderyk en hier is voorvader-geeste, satanisme, die geeste van spiritisme, ens.

Die feit dat Jesus Christus opgevaar het na die hemel en Satan neergewerp is, beteken nie dat alles wel in nie.

Die konflik tussen hierdie twee koninkryke is nog altyd daar.

Die simbool wat God gebruik vir Sy Kerk, is 'n **rein, maagdelike vrou**. Sy wat eendag Sy bruid moet word.

In Openbaring 17, sien ons die **goddelose hoer-vrou**, wat Satan se groot sisteem van valse aanbidding, misleiding en sy bewegings hier op aarde verteenwoordig.

Sy staan ook bekend as die moeder van alle afgodediens in die wêreld. ("The Queen of heaven.")

Nadat Satan neergewerp is, sien ons hom die eerste keer weer in die Paradys.

Omdat hy nie meer God kan teenstaan nie, wend hy hom nou tot God se skepping, Adam en Eva.

Daar word altyd gesê dat Eva haar gladnie aan die duiwel gestuur het nie, maar hy het haar nie gelos nie.

Omdat hy nie 'n liggaam het nie en slegs 'n gees is, kom hy in die geleende liggaam van die slang na Eva toe, om haar te mislei en tot sonde oor te haal.

Dit was sy strategie om haar te mislei, en dan vir Adam, om sodoende weer die heerskappy van die wêreld te probeer wen.

DIE EWIGE OORLOG:

Daar is nou kompetisie tussen die twee koninkryke, oor wie jou gaan beheer: Die drie-enige God óf Satan en sy magte.

Die een wat dit regkry om jou gees te beheer, sal jou kan beheer.

Die menslike gees staan nou tussen die Mag van Lig en die mag van duisternis. **(Joh 10:10)**

Die een is die lewe-gewer: om jou 'n lewe in oorfloed te gee,

Die ander die lewe-nemer: om jou lewe te steel, te slag en te verwoes.

Hierdie is die geestelike oorlog waarvan gepraat word, en dis 'n ewige oorlog.

Dié wat alreeds die keuse gemaak het om Jesus as verlosser te aanvaar, moet ook dan vir ewig waak en kragtig bly staan teen die liste van die duiwel, want hy sal altyd rondloop soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verskeur.

Die "plek van oorlog" vind ons in **2 Kor 10:3-5**.

"want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons nie die stryd volgens die vlees nie; want die wapens van ons tyd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp,

terwyl ons planne verbreek en **elke skans wat opgewerp** word teen die kennis van God, en **elke gedagte gevange neem** tot die gehoorsaamheid aan Christus.”

Die plek van oorlog is in ons gedagtes !

As ons die oorlog in ons gedagtes kan wen, dan wen ons die oorlog van die lewe.

Satan bou vestings op in ons gedagte-wêreld.

Dis dieselfde taktiek wat hy met Eva gebruik het in die paradys.

Hy het nie die krag of vermoë gehad om haar te oorweldig nie.

Hy moes haar oortuig om haarself gewillig oor te gee aan sy beheer, en dat dit reg is om hom te vertrou en hom te volg.

Hy moes saad in haar gedagtes plant waarop sy moes reageer, al was dit alles leuens.

Sy het dit geglo en sy was skielik MISLEI.

As hy haar net kon oortuig dat sy leuen die waarheid is, was dit vir hom moontlik om haar op `n pad te plaas van verwoesting, net agv. haar ongehoorsaamheid.

Al wat hy moes doen was om `n vesting in haar gedagtes te bou.

Satan se strategie is nogsteeds net om jou sy leuen te laat glo, want as jy dit eers glo, sal jou emosies jou lei op `n verkeerde pad.

Ons moet ons emosies baie mooi beheer en seker maak hulle lei ons op `n goddelike pad en nie volgens die werke van die vlees nie.

Emosies word altyd beheer deur ons gedagtes.

Ons gedagtes bepaal hoe ons voel.

As jou gedagtes verkeerd is, sal jou gevoelens verkeerd wees.

Jou gedagtes word voortdurend geteister met:

- Twyfel
- Versoekings
- Bose gedagtes
- Hunkering na onafhanklikheid
- Trots
- Gierigheid (Materialisme)
- Wellus
- Vrees

Dr. Ed Murphy sê:

Satan kan voordeel trek uit enige swakheid in 'n mens, en dan daardie swakheid teen jou gebruik.

Die swakheid kan verwoestend vir jou wees onder sataniese mag.

Joh 10:10

“...die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes.

Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê.”

Sonde en ongehoorsaamheid maak die deure in jou lewe oop.

Oop deure gee die duiwel dan wettige reg om in te kom en te steel.

Ons moet daagliks besig wees om oorlog te maak teen sonde in ons lewens

* Sonde is Persoonlik - van binne af; genoem “die vlees”.

* Sonde is Sosiaal - van buite af; genoem “die wêreld”.

Mense word so dikwels getrek na die verkeerde dinge net omdat hulle dink hierdie dinge is reg.

Al weet hulle gewoonlik dis verkeerd, glo hulle so dikwels dis nog steeds goed genoeg vir hulle.

As ons wil loop in totale oorwinning, is dit noodsaaklik dat ons die vyand en sy werksplek in ons lewens, reg identifiseer.

Jou wil beheer jou gees, jou siel en jou liggaam.

Die grootste vyand is verkeerde gevoelens en emosies, en die grootste plek van oorlog is in ons gedagtes.

Die lewe bestaan grootliks uit die neem van besluite – groot en klein. Alles wat met jou gebeur is 10% wat gebeur het, en 90% hoe jy daarop reageer.

Ons gedagtes is van die uiterste belang wanneer ons alleen die outoriteit neem om te kies tussen gedagtes wat uitdaag, inspireer en opbou; of wat negatief, afbrekend en depressief is.

Die keuse is ons s'n.

Ons kies die kwaliteit van die gedagtes wat ons verstand vul.

Wanneer Jesus, met ons samewerking, ons gedagtes kies, sal ons gedagteswêreld word wat God wil hê dit moet wees – positief, helder en bemoedigend.

EEN VAN ONS GROOTSTE WAPENS IS KENNIS:

Satan het geen krag of mag oor jou, behalwe dit wat jy hom toelaat om te hê nie.

Dit is waarom kennis oor wie hy is, en wat ons posisie in Christus Jesus is, so belangrik is.

DIE DRIE GROEPE OF TIPES GELOWIGES:

1. Gelowiges in God, totaal toegewy aan Hom en Sy leiding en soek daagliks om Hom te eer in elke aspek van hul lewens.
2. Skynheilige gelowiges – maak nooit werklik `n totale oorgawe nie, met baie oop deure in hulle lewens. **(Lukas 6:46-49)**
3. Opregte maar verslane gelowiges. Sukkel daagliks met die sonde-vestings in hulle lewe.
Hulle is geestelike oorlogvoering gesneuweldes.

3. SATAN EN DEMONIESE GEESTE

(i) SATAN: SY OORSPRONG:

Geskape as Lucifer en hy was `n gerub in die ewige verlede saam met die drie-enige God in die hemele.

Hy was `n bewaker van God se heerlikheid.

Hy val egter uit sy heilige status na sy rebellie teenoor God, en hy neem `n derde van die engele saam met hom.

(ii) SATAN: SY NATUUR:

Hy het sy pragtige liggaam verloor met sy neerwerping op die aarde.

Hy is nou `n geestelike wese – die leier van die gevalle engele.

Hy het verskillende name in die Woord: Satan, duiwel, slang, die aanklaer, engel van die lig, teenstander, god van hierdie eeu, owerste van die wêreld, owerste van die duiwels.

(iii) DIE ORGANISASIE VAN DIE VYAND: Efes 6:12

Sy magte is hoogs-effektief en georganiseerd.

Beëlsebub is sy hoof-generaal.

Daar is hoof-owerhede – hou die hoogste range.

Die magte – voer die opdragte van die owerhede uit.

Wêreldheersers – heers oor die duisternis en streke.

Bose geeste in die lug - die demone. Hulle doel is om in mense in te gaan.

Satan is in beheer van al sy bose engele.

Sy hoofkwartier is nie in die hel nie, maar in die tweede hemel, en hy is 'n groot werklikheid.

1 Pet 5:8

“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.”

(iv) DEMONE:

Hulle het name, persoonlikhede, emosies, en is in hulle natuur intelligent, onsigbaar, onrein, genadeloos en kragtig.

(v) HOE WERK DIE VYAND?

Hulle is op aarde besig om:

- ❖ Die evangelie te weerstaan
- ❖ Die sondaars te mislei
- ❖ Die heiliges te dwarsboom

- ❖ **Joh 10:10** “hy kom om te steel, te slag en te verwoes.”
- ❖ **1Pet 5:8** “hy kom soek wie hy kan verslind”

- ❖ **Hand 10:38** “hy kan mense oorheers of in sy mag kry”
- ❖ **Efes 6:16** “hy skiet vurige pyle op mense om hulle van koers af te kry.”
- ❖ **2Kor 2:10** “hy wen veld teenoor diegene wat nie kan vergewe nie”

DIE VYAND KRY WETTIGE REG OM GELOWIGES AAN TE VAL INDIEN SONDE DIE DEURE OOPMAAK:

1. Sonde wat deur generasies kom en families in gebondenheid hou.

Die een ding wat gelowiges dig toehou: Dit wat in hulle families in die verlede gebeur het.

Die meeste van ons sal vind dat êrens in die verlede ons voorsate hulle-self aan Satan verbind het.

Die meeste het dit gedoen in ruil vir gunste en gawes en vir die krag van die duiwel.

Mense wat in 'n bevrydingsbediening staan, weet bo alle twyfel dat hierdie die waarheid is.

2. Om 'n slagoffer te wees van kindermishandeling of molestering.
3. Onvermoë om te vergewe, bitterheid, haat, moede en erge rebellie.
4. Seksuele wellus en sonde – veral seksuele gemeenskap met verkeerde persone.
5. Vloeke geplaas op jou lewe, deur ander persone.
6. Okkult-betrokkenheid van enige soort.

DIE EIENSKAPPE VAN GOD:

- ❖ Hy is alomteenwoordig
- ❖ Hy is almagtig
- ❖ Hy is alwetend
- ❖ Hy is vir ewig

SATAN is nie 'n "gevalle god" nie, maar 'n gevalle engel: Hy is

- ❖ Nie alomteenwoordig nie (slegs op een plek op 'n slag)
- ❖ Hy is nie almagtig nie (beperkte krag)
- ❖ Hy is nie alwetend nie
- ❖ Hy is nie vir ewig nie (hy sal later saam met sy gevalle engele in die poel van vuur gegooi word.)

4. KAN DEMONE NOG ENIGE INVLOED OP 'N CHRISTEN HÊ?

'n Mens bestaan uit 'n gees, 'n siel en 'n liggaam.

Met bekering word jy wederbaar en kom jy onder die heerskappy van die drie-enige God.

Jou gees kan nou nie weer onder aanslag kom nie, tensy jy so 'n keuse later weer in jou lewe maak.

Jou siel en jou liggaam is egter meer blootgestel om na bekering nog onder aanval te kom, deur:

1. Emosionele probleme (bv. depressie, vrees, minderwaardigheid en bitterheid)
2. Siekte van jou liggaam.

Jou siel en liggaam is nie outomaties vrygestel nie, en jy mag nog sukkel met probleme wat jy voor bekering alreeds gehad het.

Christene wat siek was of emosioneel onstabiel was, is nie outomaties nou gesond net omdat hulle tot bekering gekom het nie.

Die antwoord is dus:

Ja, Christene kan nog onder invloed van demoniese werking wees, maar slegs op liggaamlike en op sielsvlak.

Christene kan ook definitief nie totaal deur demone beheer word nie - die beheer is slegs beperk tot sekere areas van jou lewe.

Ten spyte van alles wat die Satan probeer, is dit 'n feit dat gelowiges wat elke dag in gehoorsaamheid lewe teenoor God, niks het om ooit te vrees nie.

Daar is twee dimensies hier:

1. DEMONIESE BESOEKING OF TEISTERING:

Definisie: Satan, deur sy demoniese geeste en magte, val die gedagtes, die emosies, die wil en/of die liggaam van 'n mens (of 'n groep mense) aan, of hulle gelowig is of ongelowig.

Demoniese besoeking **kom altyd van buite af**, en almal in die wêreld word hieraan blootgestel.

Ons as gelowiges is altyd onder hierdie algemene tipe aanval.

(Efes 6:10–13)

2. DEMONIESE BINDING OF GEBONDENHEID:

Definisie: Hier het Satan, deur sy bose geeste, direkte gedeeltelike beheer oor 'n area of areas in die lewe van 'n mens, gelowig of ongelowig.

Hierdie binding **kom van binne af**, agv. deure wat oopgelaat is in 'n toestand van onverskilligheid.

M.a.w. dit word toegelaat deur die persoon. Hoe?

Persoonlike sonde deur die persoon, of deur die sonde van ander persone, kan demone hulle self bind aan die persoon.

Indien daar in sekere areas van 'n persoon se lewe gebondenheid plaasgevind het, is daar 'n paar belangrike sake waarna ons moet kyk:

Groep 1: Hierdie groep was alreeds in gebondenheid, voor hulle bekering.

Dit is natuurlik baie algemeen by hierdie groep, wat 'n lewe sonder Jesus Christus gelei het.

i. Alle demoniese bindinge verdwyn nie outomaties indien 'n persoon tot bekering kom nie.

Nêrens in die Skrif is daar so 'n belofte nie.

ii. Die meeste van die tyd bly gebondenheid in die persoon se lewe, want die demone het sg. "sonde-handvatsels" waaraan hulle kan vashou.

Hierdie handvatsels se wortels kom normaalweg deur die geslagte of in deur kindermishandeling of molestering.

Efes 4:27 "...en gee aan die duiwel geen plek nie..."

Groep 2: Hulle raak gebonde na hulle bekering.

A.g.v. ernstige sonde wat hulle toelaat in hulle lewe as Christene, of erge sonde wat aan hulle gedoen word.

Bevryding of innerlike genesing beteken dat Christene los kom van onreine geeste wat nog oortree in hulle siel en liggaam.

In die "Onse Vader" gebed in **Math 6:9–13**, leer Jesus alle Christene om nog daagliks te bid: "...en lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose..." wat aandui dat Christene nog steeds op sekere vlakke kán struikel.

HOOFREDES DAARVOOR:

(i) PERSOONLIKE BETROKKENHEID:

Hulle kan in 'n mens inkom deur aanhoudende onbelede sonde.

Indien daar 'n voortdurende gesindheid van roekeloosheid en hardkoppigheid is, gee dit die Satan 'n voet in die deur.

Die hele doel van 'n opening, is om in te kom om te beheer.

Deuroopmakers in jou lewe:

- * Lieg en onwaarhede verkondig
- * Bitterheid
- * Om die hele die hele tyd ander mense kwalik te neem
- * Onvergewensgesindheid
- * Rebelle en opstandigheid
- * Selsugtigheid
- * Woede
- * Om kwetsende woorde teenoor 'n ander persoon te gebruik.

(ii) OORERFLIKE FAKTORE:

Kom in deur familiële- of okkult-betrokkenheid in die ouers of voorouers.

Dinge wat voorouers gedoen het en by betrokke was wat verbode is in die Christelike lewe, bv. verbode, verdragte en ede wat gesweer is deur voorouers aan mense en organisasies en hulle deelname aan seremonies en feeste van onheilige groepe.

Voorbeelde: Vrymesselary, satanisme, toordery, kultusse en vals godsdiens.

Die beginsel is dat indien hy 'n kans gegee word deur sonde van die ouers of 'n vloek in jou lewe, dit moontlik is dat jy betrokke kan raak.

So baie keer is die persoon wat hier die probleem oorerf, nie self daarvoor verantwoordelik nie.

Neem nou **onse koning Dawid** as voorbeeld in die Bybel.

Man van God, koning van Israel, genoem die "appel van God se oog."

Hy het 'n lewe gehad wat gepas het by 'n man van God.

Nou lees ons in **2 Samuel 11 en 12** wat hierdie man aangevang het: Een middag laat wandel hy in sy paleis.

Hy kyk af en sien 'n mooi vrou bad.

Dit waarna hy kyk vorm dadelik 'n gedagte in hom.

Skielik moet hy 'n keuse maak.

Wat sê die Woord:

"Neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan God."

Hierdie heilige man laat egter toe dat sy gedagte-wêreld nie onder sy beheer bly nie.

Skielik kom daar 'n invloed in sy emosies – 'n onrein-gees van seksuele wellus en hoerery kom in hom op.

Is sy gees nog saam met God?

O, ja. God is in beheer van sy gees, maar nie van sy besluitneming nie. Koning Dawid is skielik nie meer in beheer van sy emosies nie.

Sien julle waar is die opening?

In sy emosies en in sy siels-dimensie, nie in sy gees nie.

Dawid hou aan met karring met hierdie vrou, totdat sy boodskappers haar vir hom bring, en hy met haar gemeenskap het. Sy deure het oopgegaan vir sonde.

Die ergste gebeur ook nog: die vrou word swanger.

Van wanneer af is hoerery nie sonde nie?

Van wanneer af is owerspel nie sonde nie?

Van wanneer af is verkeerde drange in jou liggaam nie sonde nie?

Wat sê die Here as ons so optree?

2 Samuel 12:9; kom ons lees wat sê God:

“ Waarom het jy die woord van die HERE verag deur te doen wat verkeerd is in sy oë? Uría, die Hetiet, het jy met die swaard verslaan, en sy vrou het jy gevat..”

Nou kom die ergste deel: Wat Dawid nou hier aangevang het, beïnvloed nie net hom nie, maar ook sy nageslag.

2 Samuel 12:10; "En nou **sal die swaard vir ewig van jou huis nie wyk nie**, omrede dat jy My verag het en die vrou van Uría, die Hetiet, geneem het om jou vrou te wees."

vers 11: " So sê die HERE: Kyk, Ek sal uit jou huis onheil oor jou verwek..."

Ons weet dat daar nooit vrede ooit in Dawid se huis gekom het. Sy eie kinders het in opstand gekom, en Absalom is later wreed doodgemaak – alles agv die vloek wat in hierdie familie gekom het.

vers 12: " Want jy het dit in die geheim gedoen, maar Ek sal hierdie ding bring voor die hele Israel en in die volle sonlig. "

Dis net ons wat dink ons kan sondig in die geheim, maar ons besef nie dat later dit van die dakke af verkondig sal word nie.

Jy meneer, wat dink dat niemand die pornografie op jou selfoon en op jou laptop raaksien nie.

Wat doen God nog?

Kom ons kyk hoe voel Hy oor hierdie tipe sonde:

vers 14;

" Maar omdat jy die vyande van die HERE deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is, ook sekerlik sterwe. "

Hier sterf 'n kind oor die sonde van sy vader!

Net so sterf duisende kinders elke dag aan Vigs, net omdat hulle ma's gehoereer het, en self so Vigs gekry het.

Daar is altyd gevolge vir die sonde wat ons toelaat.

So baie keer gaan dit deur die nageslag.

Elke week hoor ek in my mediese spreekkamer: "My hele familie het hoë cholesterol en gaan vroeg dood" – gewoonlik al die mans in die familie, óf,

"in ons familie gaan almal geslag vir geslag dood aan suikersiekte. Ek is nou die sesde geslag wat so doodgaan."

As daar 'n bose gees in 'n familie ingekom het, is daar altyd gevolge.

(iii) DEUR SKADE, KNEUSINGS, MISHANDELING EN MOLESTERING:

Persone is baie meer vatbaar vir demoniese inmenging as hulle emosioneel verwoes en beseer is.

Die kans is nog groter as hierdie toestande nie goed hanteer is en afgehandel is nie.

(iv) DEUR ONGELUKKE EN TRAUMA.

DIE VIER GRADE VAN BEHEER:

m.a.w. demone kan:

- (1) Jou **verpes en teister**: slegs tydelike beheer oor klein areas van jou lewe. ("Infest")

- (2) Meer **inwoning in jou maak**. (maar nie beheer nie)
Hulle lê dormant en in afwagting en wag net op 'n kans om hulleself te openbaar. ("Inhabit")

- (3) Meer **permanente inwoning** en oor sekere areas van jou karakter het hulle beheer.
Die demone kan nou sekere van jou gedagtes, gevoelens en aksies beïnvloed. ("Obsess")

- (4) **Totale beheer** oor jou hele gees, siel en liggaam.
Die oorspronklike persoonlikheid het nou heeltemal verander en is die persoon nie meer 'n Christen nie. ("Possess")

SEWE DINGE OM ALTYD TE ONTHOU:

1. Jesus het altyd baie meer krag as die duiwel. (**Mark 1:24**)
2. Christus het aan sy dissipels die mag gegee oor demone (**Luk 10:17**)
3. Demone is bang vir werklike dissipels van God. (**Hand 16:16-17**)
4. Demone herken God se ware diensknegte, maar is nie bang vir die nabootsers nie. (**Hand 19:15**)
5. Demone weet hulle tyd is kort. (**Open 12:12**)

6. Demone weet dat die oordeel vir hulle wag.

(Open 20:1-3)

7. Demone weet dat die enigste krag in die wêreld wat hulle kan vernietig, die Bloed en die Naam van Jesus Christus is.

(Open 12:11)

VERWYSING NA DEMOONBETROKKENHEID EN BEVRYDING IN DIE NUWE TESTAMENT.

- ❖ **Mark 1:23-27** "...en daar was in hulle sinagoge 'n man met 'n onreine gees..." Na bevryding word die gees uit die kerk uitgegooi en die man word in die kerk gehou.
- ❖ **Luk 13:10-16** "...'n vrou met 'n gees van krankheid..."
- ❖ **Hand 8 :12-13, 20-22** "...Simon die towenaar..."
- ❖ **Rom 6:16** "...julle sal diensknegte wees van hom aan wie julle gehoorsaam is..."
- ❖ **Kor 11:3-4** "...as jy aan iets toegee kan jy later daardeur beheer word..."
- ❖ **1 Tim 4:1** "...verleidende geeste..."
- ❖ **Efes 4:27** "...en gee aan die duiwel geen plek nie..."

5. OPENINGE VIR DEMONIESE INFILTRASIE

(i) OORERWING:

Ook genoem 3de en 4de geslag of generasie oordrag of vloeke.

Hier vind ons infiltrasie in ons lewe deur oorerflike demoniese geeste, a.g.v. sonde van ons voorvaders en nie a.g.v. persoonlike sonde nie.

Hierdie geeste sal soos ons opgroei, ons kwesbaar maak vir self-betrokkenheid in dieselfde dade of vir karakterfoute soos trots, rebellie, verwerping of bitterheid.

Hierdie groep geeste veroorsaak kneusings in jou siel en liggaam.

Watter soort betrokkenheid van die voorgeslagte veroorsaak dit?

- ❖ Okkult-betrokkenheid;
- ❖ Toordery;
- ❖ Verbreekte sielsverbintnisse ("soul ties");
- ❖ Seksuele sonde; en
- ❖ Generasie vloeke.

Alle familiële geeste gee **kneusings in jou jong lewe** wat dan later presenteer as:

- ❖ Alkoholisme;
- ❖ Ontrouheid in die huwelik en egskedding;

- ❖ Buite-egtelike kinders;
- ❖ Vrou / kind slanners;
- ❖ Verwaarloosde kinders;
- ❖ Selfmoord;
- ❖ Sekere siektes;
- ❖ Emosionele en psigiese trauma.

(a) VOORVADERGEESTE:

Hiermee beoog mense kommunikasie tussen die menslike gees en die gees van die afgestorwe voorvader.

Dit is natuurlik nie moontlik nie.

Die gees van die afgestorwene kan egter nooit weer met iemand in die lewe kontak maak nie.

Sulke geeste kan ook nie rondbeweeg nie. Alle nabootsings van sulke geeste is ALTYD demonies.

Hierdie mense glo ook dat hulle deur hulle voorvadergeeste van raad bedien kan word, wat ook onmoontlik is.

Huidiglik nog dwarsdeur Afrika word geen besluite van belang ooit geneem sonder kontak met mediums en voorvadergeeste nie.

Kontak word sogenaamd bewerkstellig deur mediums, wat in hulle kultuur bekend staan as toordokters of tradisionele genesers.

Vir so 'n kontak word dan betaal.

Mense het 'n geweldige vrees dat hulle die geeste kan benadeel of kwaad maak en word hierdie hele geestelike toestand deur die "gees van vrees" beheer.

Families dra hierdie vrees en kontakte oor na hul kinders en so bly dieselfde negatiewe geeste en vloeke vir geslagte lank in die familie.

Sulke groepe word teen die einde totaal deur hierdie geeste beheer.

Mense wat betrokke was in voorvadergees-aanbidding kan totaal bevry word daarvan na bekering.

Die belangrikste aspek is net om heeltemal te breek, en nooit weer enige kontak met die mediums te hê nie.

'n Deel van bevryding is ook om al die bandjies, toue en juwele wat aan die liggaam gedra word, te verbrand.

Toordokters kán jou nog beïnvloed solank as wat jy hulle voorwerpe dra.

Die geeste van voorvader-aanbidding kan nie oorgedra word na persone wat nie self daarmee betrokke was nie.

Godsdienstige sondes:

Geskiedenis het bewys dat die grootste invloed op mens, buiten die Bybel, is **Sonaanbidding**.

Astrologie is die fondasie van al die wetenskappe van die okkulte, en dit is die begin en basis van alle afgodsdienste.

SPIRITISME:

Die Woord van God waarsku baie duidelik om geen kontak met dooies te maak nie, en dat dit strafbaar is met die dood.

Lev 19:31 "...begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die Here julle God..."

Lev 20:27 "...en as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle..."

Deut 18:11-12 "...niemand mag 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.

Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel..."

Mense wat voorheen betrokke was met toordery of spiritisme maak die deure in hul lewens oop.

Hierdie geeste sal verseker 'n invloed op hul nageslag ook hê.

In **Lukas 16** is die gelykenis waar Jesus self weer bevestig dat dooies nie boodskappe kan stuur na die lewendes nie, omdat sulke kommunikasie geen doel dien nie.

Luk 16:26 "...en by dit alles is daar tussen ons en julle 'n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie..."

Dus is alle programme wat die sg. "crossing over" en "die anderkant" bevorder, demonies, en is hulle en die betrokkenes definitief nie van God nie.

Spiritisme is die kontak met bese geeste.

Kommunikasie is die hoofdoel van enige sulke pogings.

Bese geeste of demone is persoonlikhede en persoonlikhede het die vermoë om met mekaar in die gees kontak te maak.

Wanneer 'n mens bonatuurlike kennis, wysheid, geestelike leiding of krag soek buite 'n verhouding met God, en sy wandel is nie in die Heilige Gees nie, is hy besig met geestelike ontrouheid.

Hierdie geeste word oorgedra in jou familie indien jou ouers of grootouers betrokke was daarmee, en dit is moontlik dat hulle al daar is sedert jou kinderdae.

Hulle kry dus 'n wetlike reg om in die familie te wees, want hulle is oorspronklik genooi om in te kom.

Sulke geeste ken jou familie en die probleme van die familie, en is daarom familiêr met die hele klomp.

Indien sulke geeste toegelaat is vroeër, repondeer hulle soveel makliker op enige nuwe uitnodiging.

So 'n kontak kom deur:

- ❖ Met die helm gebore te wees
- ❖ Hipnose
- ❖ Heldersiendheid
- ❖ Oosterse godsdiensoefening, bv. joga, meditasie
- ❖ Transendentale meditasie
- ❖ Denkbeeldige of fiktiewe speelmaats ("Imaginary friends")
- ❖ Verdowingsmiddels
- ❖ "Rock" en "Heavy metal" musiek
- ❖ Speletjies soos bv. "Dungeons and Dragons"

Demone kan ook praat deur buikspreekers.

Alle "denkbeeldige speelmaats" is ook familiële geeste.

Om hiervan vry te kom moet ons eers die oorspronklike sonde hanteer, en daarna die oortreding en die ongeregtheid.

UNIVERSELE GODSDIENSTE:

* ISLAM:

Ons beleef vandag 'n wêreldwye Moslem massa-migrasie.

Duisende moslems infiltreer die hele wêreld en probeer orals 'n voet in die deur kry.

Hulle doel: om die hele wêreld eendag te beheer, met Jerusalem as hulle hoofstad.

Die fokus van hulle aanbidding is 'n godheid met die naam "Allah". Die moslems verkondig dat Allah in die vroeë dae dieselfde God was van die Bybel en die stamvaders.

Dit is natuurlik 'n leuen.

Die waarheid is dat Allah 'n afgod was en nooit eers be staan het in die Bybel se tyd nie.

Hy was intendeel die **Maan-god** wat getroud is met die **songodin**, en die sterre is hulle kinders.

Hulle teken: **Die sekelmaan en die ster.**

Elke keer as die maan sy sekelvorm aanneem, is elke moslem plat op sy gesig, en maak hy gebede vir die maan.

Moslems het verander in fanatieke massas en hulle is besig met 'n groot plan om die hele wêreld te "Islaminiseer."

'n Paar jaar gelede het alle Islam-nasies byeengekom in Nigerië en 20 biljoen USA dollars geskenk om die uitbreiding van Islam in Afrika te finansieer.

Daar word 'n moskee vir \$5000 gebou elke 5 vierkante kilometer op die hele kontinent van Afrika.

• **DIE NUWE WÊRELD-ORDE:**

Die Wêreldbank en elke groot finansiële instansie wêreldwyd finansieer hierdie "Nuwe Stelsel."

Dit is nie net alleen die soek na 'n universiële geldmag en geldstelsel nie, maar ook 'n godsdiens.

Die godsdiens-deel word bedryf as die "New Age"-stelsel en het al ver gevorder, veral in invloedryke dele van die wêreld.

Een van die beproefde maniere om mense godsdienstig te kan wen, is om hulle arm te maak.

Daarna, as hulle desperaat is, kan jy hulle in enige godsdiens instoot.

(b) FAMILIËLE GEESTE:

Hierdie is emosionele-, sielkundige toestande en siektes wat deur families loop.

Daar is soms 'n positiewe geskiedenis dat dit van geslag tot geslag oorgedra word.

Soms word 'n geslag oorgeslaan, en gaan dit bv. van die ouma oor na 'n kleindogter.

'n Voorbeeld van hierdie geeste in aksie, sien ons ook in die Hindu-geloof:

Wanneer 'n toegewyde Hindu-man op sy sterfbed lê, sal hy die kind of kleinkind van sy keuse laat roep. Hy sal alles in sy vermoë doen om lewendig te bly tot op hierdie oomblik.

Hy sal die seun dan vat en aan hom sê: "Ek gee aan jou al my gode."

Daar sal 'n geestelike oordraging plaasvind en die ou man sal in vrede doodgaan.

Die een wat nou van hom ontvang het sal binne die volgende maande of jare, presies dieselfde dinge kan doen en dieselfde gedrag openbaar van sy afgestorwe vader/oupa.

Indien die Hindu-man sterf voordat hy hierdie seremonie self kan doen, sal die familie na twee weke iemand aanwys.

Hulle sal hulleself oopstel vir die ou man se geeste en hulle oorplaas in die aangewesene – of hy daarvan hou of nie.

'n Matriargale of patriargale kan dominant van een generasie na 'n ander oorgedra word.

Emosionele toestande:

Wanneer familiële geeste aan mense oorgedra word in families, sien ons fisiese en emosionele simptome in hulle.

Sulke mense presenteer dan met werklike mediese toestande en simptome.

Baie keer is hierdie simptome van so 'n graad dat dit vir dokters moeilik is om diagnoses te maak.

Dokters diagnoseer dit dan gewoonlik as “psigo-somatiese” toestande.

Baie van hierdie toestande begin al vroeg en is al daar met puberteit.

Toestande wat so oordra kom van ouers en grootouers deur na hulle kinders toe.

Soms word 'n geslag oorgeslaan en dan gaan dit weer verder.

Sulke toestande sluit in:

- ❖ Spanning
- ❖ Swaarmoedigheid en depressie
- ❖ Senuwee-agtigheid
- ❖ Senuwee-trekkings
- ❖ Woedebuie
- ❖ Manipulasie

Daar is ook **siektes wat in families loop** en gaan van geslag tot geslag:

- ❖ Suikersiekte
- ❖ Hoë cholesterol
- ❖ Asma
- ❖ Allergiese veltoestande soos ekseem
- ❖ Allergiese rhinitis en sinusitis
- ❖ Spatare
- ❖ Sekere bloedsiektes, bv. haemofilie
- ❖ Sekere arthritis-toestande

Persone kan nie net bevry word nie, hulle moet ook die verlore grondgebied terugneem.

Indien ouers bevry word terwyl hul kinders nog jonk is, sal die kinders outomaties vry wees.

Demone kan nie in wedergebore en bevryde kinders ingaan met die afsterwe van 'n ouer nie.

(c) VRYMESSELY:

Definisie:

Dis 'n filantropiese, welwillendheids, onderlinge en kollegiale orde van manne, wat saamgesnoer is onder die christen banier van 'n wêreld-broederskap.

Vrymesselary het 'n sienlike en 'n onsienlike komponent.

Die sienlike deel is 'n vrye bymekaarkom van aanvaarbare manne, wat hulle beywer vir menslike, etiese, patriotiese en opvoedkundige sake.

Die onsienlike deel is 'n geheim.

Slegs die uitgesoekte lede weet waaroor die hele toewyding gaan en waarop dit afstuur.

Die geheim is dat uiteindelik word Lucifer aanbid, ook genoem die duiwel.

Dit word weggehou van die oorgrote meerderheid van lede.

Soveel raak betrokke en sien net die goeie begin van alles.

Wanneer alles openbaar word, is hulle meestal al so vasgevang, dat uitkomkans skraal is.

Daar is ook talle wreedaardige en verskriklike strawwe – sommige tot die dood toe, vir hulle wat dit sou durf waag om uit te stap.

Lucifer word op die einde aanbid en daarom staan dit ook bekend as die "Luciferian doctrine".

Daar is 'n geheime handskud, geheime teken en 'n geheime wagwoord.

Die orde bestaan uit verskillende grade.

By die 13de graad leer hy eers die naam van sy godheid (Jahbulon).

Op die 18de vlak moet vrymesselaars alle bande breek met enige vorige gelowe of godsdiensbeoefening.

Daar word op hierdie vlak ook bv. van die Jood verwag om Judaïsme af te lê ter wille van sy nuwe orde.

By die 33ste vlak verklaar hy Lucifer as god.

Vrymesselaars en hul families beland onder 'n vloek deur die deelname aan afgodediens, rebellie en hul ongehoorsaamheid aan God.

Die vloek kom in wanneer die eed en geloftes afgelê word.

Daar is **geestelike en fisiese simptome** wat kan aandui dat 'n persoon en sy familie onder die binding is:

- ❖ Verharde hart teenoor die dinge van God.
(Dié wat wel 'n keuse maak, sukkel om geestelik te groei, om te bid, om bybel te lees en om vervulling met die Heilige Gees en talespraak te ontvang.)
- ❖ Woede-aanvalle as Vrymesselary net genoem word.
- ❖ Huweliksprobleme: ontrouheid in huwelik en egskeiding.
- ❖ Vrouens raak moeilik swanger – kinderloosheid.
- ❖ Homoseksualiteit en lesbieërs onder die kinders;
- ❖ Alkoholisme;
- ❖ Geestesversteuringe: van depressie tot kranksinnigheid;
- ❖ Finansiële probleme (die vloek van armoede)
- ❖ Veelvuldige ongelukke.

Met die verbreking met Vrymesselary:

Alles moet verbrand word, bv. die vrymesselaars-bybel, voorskoot, medaljes, ringe, wit handskoene, boeke en aktetassie.

(ii) OKKULT-BETROKKENHEID:

INLEIDING:

Ons is persoonlik verantwoordelik vir ons houdings, aksies en reaksies, want alles gaan oor keuses wat ons maak.

Ons kan nie ons ouers en grootouers altyd blameer vir dinge wat in ons lewe gebeur het nie.

Ons moet ons eie saligheid verkry, uitwerk en aangaan daarmee.

Saam met vryheid, geestelik en fisies, kom verantwoordelikheid.

Dis 'n vals lering wat leer dat daar 'n pynlose en onmiddellike heiligmaking volg op bekering.

Om jou kruis op te neem en Jesus te volg, beteken sterf aan jouself en kruisiging – en dis pynlike besigheid.

Satan kan so maklik hier inkom om 'n "vesting" te maak in jou lewe.

Wat is 'n vesting?

Dis 'n manier van dink en voel, en wat 'n ander lewe in 'n persoon vestig oor 'n tydperk.

Dis sterker as 'n gewoonte en kan beheer en bestuur oorneem in jou lewe, om sodoende jou vrye wil te steel by jou.

Dit veroorsaak troebel visie en enige positiewe woord van God word daardeur teengestaan en ge-opponeer.

Vestings is soms 'n groep gedagtes wat jou teengaan, en is defnitief nie van God nie.

Dis leuens teenoor alles wat God oor Homself en oor Sy kinders sê in Sy Woord. Vestings bou op in jou a.g.v. 'n gewonde siel.

Wonde wat nooit reg hanteer is nie, het nou 'n verwoestende bindende herinnering geword.

Voorbeelde van vestings in jou lewe:

*** Emosionele probleme:**

Woedebuie	Depressie
Vrees	Gevoel van onsekerheid
Minderwaardigheid	Gevoel van verwerping
Gevoel van liefdeloosheid	Onvergewensgesindheid
Jaloesie	Selfbejammering
Haat	Aanhoudende angs / bekommernis

**** Geestesprobleme:**

Verlies van gedagtes of dwalende gedagtes	
Verwarring	Twyfel
Agterdogtigheid	Gevoel dat mense jou agtervolg
Aanhoudende uitstellery	Besluitloosheid
Geheueverlies	
Selftevredenheid – dat jy reg is.	

***** Probleme met wat jy praat of sê:**

Leuens	Vloektaal
Godslastering	Kritiek
Vermakerigheid	Skinder

****** Seksuele probleme:**

Wellus	Homoseksualiteit / lesbiese dade
Fornikasie	Egbreek en owerspel
Perverse seksuele dade	Fantaseer oor seksuele dade

***** **Verslawing:**

Omdat die vyand soveel moontlik mense wil verwoes, is verslawing een van sy hoofroetes.

Satan weet dat as hy jou afhanklik kan maak van iets, hy jou ook kan beheer.

Wanneer 'n gelowige eers verkeerde leerstellings begin volg, bou daar 'n versting op in sy gedagtes en begin 'n lewe van ontkenning en misleiding.

Daarna begin hy 'n dubbel lewe ly en word hy 'n sg. "maskerdraer"

- ❖ **Kor 10:4** "...want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp..."
- ❖ **Eks 20:1-6**
- ❖ **1Kor 10:14** "daarom my geliefdes, vlug vir die afgodediens."

TWEE VORMS VAN AFGODEDIENS:

1. Ander gode neem die plek in van die ware God.

Jes 45:21c "...en buiten My is daar geen ander God nie..."

2. Dié wat alreeds afgode aanbid, het die opebaring van God weggestoot

Deut 13:12-17;

God waarsku hier die Israeliete oor en oor om totaal te breek met alles en met elkeen wat enige vorm van afgodediens beoefen.

Hy het so sterk daarvoor gevoel dat, om hulle dood te maak, soms die enigste manier was om die okkulte uit te roei.

(a) DIE OKKULTE:

Dit beteken: "...dit wat verborge is..." óf "...met die doel om iets weg te steek."

Satan sal altyd dit wat hy aanvang probeer wegsteek vir die kerk.

Die okkulte probeer om ons gedagtes so te verander dat ons bewus moet word van die bonatuurlike dimensie daarvan.

Mense gaan daarin om te probeer om in 'n groter krag-dimensie te beweeg.

Redes waarom hulle betrokke raak:

1. Om te probeer om self in 'n groter krag-dimensie te beweeg, en om krag oor andere se lewens te probeer kry.
2. Die soeke na aanwysings, rigting, advies of kennis oor die toekoms.
3. Die soeke na geestelike genesing.
4. Soeke na beskerming agv. hulle eie vrees vir die onbekende.

DIE DRIE HOOFTAKKE VAN DIE OKKULTE:

(a1) TOORDERY: ("Witchcraft")

(a2) VOORSPELLINGS: ("Divination")

(a3) HEKSERY / GOËLERY: ("Sorcery")

(a1) TOORDERY: (“Witchcraft”)

Dis die “krag”-dimensie. “Magic”

Hierdie is die namaaksel van God se alomteenwoordigheid.

1Sam 15:23 “rebellie is die wortel van alle afgodediens.”

Towery is die natuurlike geneigheid van die gevalle mens, want in sy hart is hy `n rebel.

Doel van alle toordery is om mense te beheer – deur **VREES EN KRAG**.

Daar is altyd vrees vir die onbekende en vrees vir dit wat ons nie kan sien of beheer nie.

Geen toordery is onskuldig of speletjies nie – dis altyd sonde.

Die basis van alles in towerkrag is afkomstig van Satan.

Twee basiese vorms:

“**white magic**” of magie: meeste hiervan is manipulasie en beheer.

“**black magic**” of magie: dis verwoestend – en alles word gedoen met die doel om te breek, te verwoes en dood te maak.

“Magic” is nooit vir jou nie – dis altyd teen jou.

Wit of swart magie het niks te doen met jou velkleur nie – dit hang af van hoe diep jy betrokke is en wat jou doel is.

Ons sien toordery in die algemene lewe as:

- ❖ Hipnose
- ❖ Levitasie
- ❖ Sekere vorms van akupunktuur
- ❖ "Mind control"
- ❖ "Table tapping"
- ❖ "Martial arts", want alles daarin is 'n vorm van afgodediens
- ❖ Alle oosterse godsdiens-beoefening
- ❖ Iridologie – om kennis op te doen deur in iemand se oë te kyk
- ❖ "Psychic healing"
- ❖ Om vratjies "na die maan te blaas"
- ❖ Leerstellings van die "New Age"
- ❖ Sekere vorms van homeopatie en naturopatie.

(a2) VOORSPELLINGS: ("Divination")

Dis die "kennis"-dimensie – voorspel die toekoms deur bo-natuurlike kennis.

Dis 'n namaaksel van God se alwetendheid.

Lev 19:26 "...julle mag nie met verklaring van die voortekens of goëlery omgaan nie..."

Dit sluit in:

- ❖ Glasie-glasie speel
- ❖ Kristalballe lees
- ❖ Pendulum swaai soos bv. geslagbepaling in swanger vrouens
- ❖ Teeblare lees
- ❖ Handpalm lees
- ❖ Geeste oproep

- ❖ Kleurterapie
- ❖ Tarot-kaarte lees
- ❖ Handskrif-analise
- ❖ Outomatiese skrif
- ❖ Openbaring om outomaties iets te skryf
- ❖ Verskeie vorms van droom-intepretasie
- ❖ Sekere vorms van homeopatie
- ❖ Astrologie, horoskope en sterre-voorspel.

Astrologie bly die basis en alle wortels van afgode-diens is hierin.

Deut 4:19 "wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie. Moet julle nie laat verlei om hulle te vereer en hulle te dien nie."

Vals godsdiens:

- Islam en alle oosterse godsdiens
- Hare Krisna
- "Christian Science"
- New Age
- Kaballah (Mistiese vorm van Vrymesselary)
- Mormoonse godsdiens
- "Scientology"
- "Moonies"
- Spiritisme
- Transendentale Meditasie

Ons moet baie bewus wees daarvan dat daar nie iets is soos "onskuldige deelname" nie.

Moet ook nie bg. in diepte wil bestudeer en boeke daarvoor aanhou nie - dis geestelike selfmoord.

C.S.Lewis het gesê: “Daar is twee foute wat die mensdom ten opsigte van die bose geeste maak:

Die een is om nie in hulle te glo nie.

Die ander een is om te glo, maar `n oormatige ongesonde belangstelling in hulle te hê.”

(a3) HEKSERY / GOëLERY: (“Sorcery”)

Dis die namaaksel van God se alomteenwoordigheid.

Dit is `n dimensie wat deur fisiese voorwerpe werk, óf deur metodes wat jou sinne beïnvloed, soos dwelms en musiek.

1Sam 15:23 “...want wederstrewigheid is `n sonde van waarsêery” - hulle is susters: as jy rebellie in jou hart het, lei dit na heksery.

Gal 5:19 “...towery is die werk van die vlees...”

Mense gebruik heksery om beheer oor ander te verkry deur vloeke of deur kontak te maak deur voorwerpe, die sg. “**kontakpunte**”, bv. boeke oor en afgodsdienst-materiaal; towerspreuke en beswerings.

Fisiese voorwerpe:

- ❖ Alles wat gebruik word in afgodediens – deur sekere organisasies en in satans-aanbidding
- ❖ Alles van voorbodes
- ❖ Geluksvoorwerpe en “charms”
- ❖ Perdehoef-ysters
- ❖ Amulette
- ❖ Ankhs-kruise en sg. “peace signs”

- ❖ Geboortestene en Zodiak-tekens
- ❖ Voodoo-poppe
- ❖ Pentagramme
- ❖ Afrika-maskers
- ❖ Die meeste kralewerk en Afrika-kuns
- ❖ "Rock en heavy metal" musiek
- ❖ Verdowingsmiddels en mengsels ("potions")
- ❖ Mense / kinders wat in konserte of opvoerings die rolle van hekse en towenaars speel.

Al hierdie "okkultiese geskenke" fokus op jou gedagtes.

Die gawes van die Heilige Gees fokus op die gees.

HOE SAL OKKULT-BETROKKENHEID PRESENTEER?

(Indien die volgende waargeneem word, is daar 'n moontlikheid van vorige kontak of deelname)

1. Geestelike blokkasie:

- ❖ Moeilik om die evangelie te aanvaar (**2Kor 4:3-4**)
- ❖ Rebelle teen outoriteit (**Rom 13:1-4**)
- ❖ Onvermoë om Bybel te lees, te bid, aanbidding en om vervulling met die Heilige Gees te ontvang.

2. Fisiese simptome:

- ❖ Senuwee-toestande
- ❖ Leerprobleme
- ❖ Vrees
- ❖ Nagmerries, slaaploosheid en slaapstoornisse
- ❖ Herhalende ongelukke

3. Emosioneel onstabiel:

- ❖ Woede en humeurigheid
- ❖ Haat en vervloek maklik mense
- ❖ Depressie en swarmoedigheid
- ❖ Abnormale seksuele optrede in kinders

4. Geestelike probleme:

- ❖ Verwarring
- ❖ Konsentrasie-probleme
- ❖ Wellus-gedagtes, perversie en pornografie
- ❖ Geestes-siektes
- ❖ Hoor stemme en geluide
- ❖ Paniekaanvalle en selfmoord-gedagtes

Vir so baie van dié wat betrokke raak en nooit kan uitkom nie, eindig alles tragies.

Alles eindig vir hulle in:

- ❖ Selfmoord
- ❖ Noodlottige ongelukke
- ❖ Psigoses en die verloor van hulle verstand
- ❖ Aaklige en bizarre sterfbedgevalle

In die normale samelewing moet ons net **op die uitkyk wees vir** veral jong mense wat vasgevang word in:

- ❖ Verdowingsmiddels en alkoholmisbruik
- ❖ Rebelle en opstandigheid
- ❖ Pornografie en seksuele sonde
- ❖ "Heavy metal" / "Rock" musiek
- ❖ Skielike finansiële nood.

OORSPRONG VAN OKKULTIESE WORTELS:

- ❖ Deur die familie – gaan van generasie tot generasie
- ❖ Persoonlike okkultiese eksperimente en deelname
- ❖ Seksuele oordrag deur seks met persoon wat in die okkulte is
- ❖ Rekenaar en televisie speletjies met die okkulte as hooftema
Bv. Warcraft, Starcraft, Diablo ens.

Progressiewe vlakke van binding deur die okklute:

(Dr. Ed Murphy)



(b) SATANISME:

(Efes 5:11–12)

Hier sien ons mense betrokke raak met satanisme; sommige sedert geboorte (generasie-sataniste) en andere deur vrye keuse.

Satanisme is wêreldwyd 'n groot bedreiging – veral omdat daar so baie jong mense ingetrek word.

Die pentagram is hulle mees blatante okkultiese simbool.

Om te werk met sataniste of eks-sataniste is baie kompleks.

In die algemeen:

- * Alle mense wat daar uitkom se lewe word beheer deur VREES.
- * Hulle het almal verwerping, lieg maklik en ly aan 'n mate van geheueverlies.
- * Hulle wil altyd hê iemand anders moet namens hulle optree of vir hulle veg.
- * Baie het in satanisme verval omdat hulle ook daaruit kon geld maak, sonder om te werk.
- * Omdat baie van hulle as kinders gemolesteer of getraumatiseer is, soek hulle baie aandag. Word soms groot "aandagsoekers".

Tipes en grade van Satanisme:

1. "Dabbers": (Die jonges)

Alles begin met speletjies. TV-games, literatuur.

Hulle maak graffiti, trek bv. swart aan om aandag te trek (Goths), teken op kerke en beskadig grafstene.

Hulle hou daarvan om mense te probeer skok met hulle optredes of klere.

2. Selfbeheerde groep: (Tieners)

Maak hul eie reëls, gebruik satans-bybel, skryf graag liedere, fantaseer vir ure lank.

3. Ge-organiseerde groep: (Betrokke by die "kerk van Satan")

Het streng doktrines, het ledelyste, streng lidmaatvereistes.

4. "Cult Satanist": (Baie geheimsinnig)

Het altyd 'n front wat sy doen en late versluier, baie in kriminele sake betrokke bv. kinderpornografie, dwelmverkope, kaping van mense en menslike offerhandes.

Wie is kwesbaar?

Die leiers van hierdie organisasies is natuurlike leiers en hulle weet presies wie om te nader en wie om in te trek.

Die jonges is meestal kinders met 'n lae selfbeeld, kom uit gebroke huise; opstandiges en kinders wat nie onder orde wil staan nie.

Wanneer is hulle die kwesbaarste?

- ❖ Die eerste jaar uit die huis uit
- ❖ Na ontslag bv. by werk
- ❖ Werksveranderinge
- ❖ Skielike dood in die naby familie (pa of ma)
- ❖ Dié wat alleen is
- ❖ Na die opbreek van verhoudinge wat baie seergemaak het.

(iii) SEKSUELE SONDE:

Enige seksuele omgang buite dit wat God in die huwelik beplan het, is sonde, en klaar!

Enige afwyking van die normale open die deure vir die perverse gees.

Perversie beteken om aan te hou in die verkeerde; die eiewyse en die omgekeerde onnatuurlike metodes van gemeenskap.

Wanneer daar wonde en opstandigheid in ons siel is, is ons baie meer vatbaar vir seksuele sonde.

Toestande wat makliker lei tot seksuele sonde:

- ❖ Verlies aan konstante oueropvoeding en dissipline.
- ❖ Te min ouerleiding en geen goeie rolmodelle nie.
- ❖ Vroeë seksuele ondervindings wat baie swak hanteer is deur ouers en/of familie.
- ❖ Kinders wat te veel beïnvloed word deur maats en dit wat hulle by die bure sien.
- ❖ In die huwelik vandag vind ons baie meer "huwelik-opbrekende geeste" in mans as in vrouens, moontlik a.g.v. sosiale invloede.

PERVERSE GEES:

1. Hoerery:

Onwettige seks tussen ongetroude persone.

2. Owerspel:

Seks tussen 'n getroude persoon en iemand wat nie sy / haar maat is nie. Werke van die vlees.

3. Homoseksuele/lesbiese dade:

Rom 1:18, 22, 24, 26, 27 & 32

Die Homoseksuele- of lesbiese Binding:

* Daar is geen biologiese of genetiese oorsake wat iemand homoseksueel maak nie.

Dis suiwer emosies en keuses wat hulle maak.

* Baie homoseksuele kom uit gebroke of disfunksionele families.

* Meeste is slagoffers van psigiese en/of seksuele misbruik.

* Die psigiese misbruik is altyd in die area van ouermanipulasie wat geslagsverwarring veroorsaak.

* Seksuele molestering van 'n kind oor 'n tydperk veroorsaak dat 76% van hulle later in hulle lewe seksuele probleme sal hê.

* Homoseksuele en lesbiese aktiwiteit lei altyd tot demoniese binding.

Mense wat:

❖ Gedurig gepla word deur vieselike gedagtes en vieslike woorde

❖ Wat ander gedurig met hulle oë ontklee

❖ Masturbeer

❖ Fantaseer

❖ Hoerery be-oefen

❖ Homoseksuele en lesbiese persone is

❖ Persone wat gemeenskap met diere het,

het deure in hulle lewe oopgemaak vir ernstige demoon-infiltrasie.

Almal wat hulself aan bg. blootgestel het, het ook hul deure oopgemaak vir 'n vloek wat op hulle gekom het.

Hierdie vloeke lei tot skande, wonde, verwoeste en vermorste lewens.

Ons liggame is die tempels van die Heilige Gees en satan is uit daarop om hulle te vernietig.

Seksuele sonde is die enigste sonde binne in jou liggaam.

(iv) REBELLIE:

Mense word rebelle gebore, maar so baie besef dit ongelukkig nooit nie.

Indien ons nie gehoorsaam is aan God se Woord en nie luister na sy stem nie, is ons in rebellie.

Wanneer daar 'n leeftyd is van:

- ❖ Rebellie
- ❖ Opstandigheid
- ❖ 'n Verharde hart
- ❖ 'n Hele lewe in sonde en
- ❖ Die weiering om God se liefde en genade te ontvang – sal die oordeel val.

Die manier waarop 'n tiener respondeer op sy ouers se outoriteit, sal later in sy lewe die manier wees waarop hy op God se outoriteit sal reageer.

1. Oorsprong van rebellie:

Dit het in die hemel begin met Lucifer se rebellie teen God.

(**Eseg. 38 en Jes. 14**) Dis die een sonde wat lei tot alle sondes.

2. Oorsake van rebellie:

- ❖ Gees van wedestrewigheid. (**Spreuke 17:11**)
- ❖ Trots
- ❖ Hardkoppigheid en arrogansie
- ❖ Selfsugtigheid
- ❖ Gewonde gees (met verwerping: haat, bitterheid, pyn).

3. Gevolge van rebellie:

- ❖ **Rom 2:5** - hardheid van hart na lang tydperk van rebellie.
- ❖ **Ps 107:11–12** - rebellie het hulle laat struikel.
- ❖ **Jes 59:6–13** - onderdruk deur die vyande.

4. Hoekom het ons outoriteit nodig om uit rebellie te kom ?

- ❖ Om te kan groei in wysheid en karakter.
- ❖ Om beskerming te kan geniet teen die krag van die vyand.
- ❖ Om duidelike aanduidings te kan kry vir al die lewensbesluite wat ons moet neem.
- ❖ Om te kan trap op slange en skerpioene!

OPLOSSING:

Die kruis van Jesus Christus hanteer die sondige natuur.

Die bloed van Jesus verwyder die sonde.

(v) VERSLAWING:

Wanneer daar wortels is in rebellie en die okkulte, vind ons dikwels ook kompulsiewe en verslawende gedrag.

Dit sal ook oordra na die nageslagte indien nie volkome bely en by die kruis van Jesus gelaat is nie.

Die grootste oorsaak van verslawing is die behoefte na liefde.

Elkeen wat grootword sonder die volle maat van liefde van sy ouers af, het 'n groot kans om in verslawing te val.

Verslawing beteken 'n beheer en 'n begeerte na 'n sekere middel, 'n voorwerp of 'n gedrag, wat indien dit gebruik word, dit 'n gevoel van bevrediging of voldoening aan jou gee.

Dit kan jou laat ontspan, jou opgewonde maak, jou verlos van jou frustrasie of jou bevredig – maar jy sal aanhou weier om te erken dat dit jou beheer!

Hulle is sondige keuses wat ons wetiglik toegelaat het, om ons aksies en ons denke te domineer.

Romeine 6:16 "...julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is..."

Verslawing is baie keer ook 'n ontvlugting.

Iets om my te help onflug van 'n pynlike verlede en moeilike omstandighede.

Dit word later 'n oornemende begeerte om net die gaping, die leegheid in jou, te bevredig met 'n ander voorwerp (soos alkohol, kos) of 'n persoon (seks, medewerker)

Verslawing kom in baie vorms: kos, verdowingsmiddels, snuif, gom, hoespoed, dieët tablette, alkohol, nikotien/rook in al sy vorms, werk, kougom kou, naelsbyt, duimsuig in volwassenes, seks, "shopping", dobbel, lees van romantiese verhale, pornografie.

Ooreet of gulsige eetgewoontes is 'n gebruik wat soms al van kinderdae af kom.

Die bybel spreek hom baie sterk uit teen kinders wat vraatsige gewoontes het, en lê dit aan die wortels van opstandigheid en ongehoorsaamheid:

Deut 21:18-20; vers 20:

"...hierdie seun van ons is opstandig en ongehoorsaam. Hy luister nie na ons nie. Hy is 'n vraat en 'n suiplap..."

Indien iemand bevry moet word van hierdie gees, spreek die "owerheid van verslawing" of die "owerheid van Bacchus" aan, en nie net bv. alkohol of nikotien nie.

Hy het nou 'n verslawende persoonlikheid ontwikkel.

Die hele verslawing beheer hom.

Dis waarom hy sal vet word as hy vanself wil ophou rook – hy voer net die hele "verslawend gees" in hom, 'n ander dieët.

(vi) DIE "ISEBÊL" GEES:

Hierdie gees vind ons in families waar God se orde van outoriteit óf onbekend is, óf ignoreer word.

God se orde: 1Kor 11:3;

"...Christus is die hoof van elke man,
en 'n man die hoof van sy vrou,
en God die hoof van Christus..."

Jes 3:12; is die resultaat as 'n vrou regeer: alles is van koers af.

Die vuurhoutjie-dosie:

Die skending van orde is:

- ❖ Om outoriteit oor te neem deur manipulasie of deur dominerings.
- ❖ Om te funksioneer in 'n realm van orde, wat nie van God is nie.

Alles werk saam om verwarring te veroorsaak die oomblik as die rolle van man en vrou omgeruil word.

In die boek **1 Konings 16** sien ons hoe koning Agab sy outoriteit afstaan aan sy vrou Isebel, en abdikeer.

Die "Agab"-gees laat 'n man sy verantwoordelikheid as die hoof van sy huis afgee.

Hy sal daarna weier om die verantwoordelikhede weer op te neem en verloor totaal belangstelling om vir sy huis te sorg.

God se orde:

Die man moet geestelike en matriële sekuriteit vir sy gesin bied.

Wanneer 'n vrou die hoofskap van 'n huis oorneem, bevind sy haar in 'n posisie wat God nie oorspronklik so beplan het nie.

Mans is baie keer geneig om aangetrokke te wees teenoor vrouens wat 'n dominerende gees het, en dit loop soms af in geslagte.

Die vrou is nou in beheer, maar haar natuurlike leiers-tekortkominge lei later tot woede, tranes, haat en manipulasie.

In 'n huis waar die rolle omgeruil is, is daar baie probleme, veral om die kinders te dissiplineer, en ons sien baie:

- ❖ Omkoperij ten einde gehoorsaamheid te verkry
- ❖ Sterk emosies van albei kante
- ❖ Dae en weke van stilswye – niemand praat nie
- ❖ Kinders wat lewe in konstante vrees, spanning, frustrasie en onsekerheid (dit alles eindig net later in rebellie en opstandigheid)
- ❖ Kinders word "karakterloos" groot ("nothings and nobodies")
- ❖ Wanneer die seuns trou, bring hulle hierdie gees in hulle huis in.

Mans kan ook 'n Isebel-gees hê.

ABORSIE:

As 'n vrou uitvind dat sy swanger is, is sy óf so opgewonde en bly oor die vooruitsig om 'n moeder te word, óf sy val in vrees en spanning, veral as die swangerskap plaasgevind het buite die bande van die huwelik.

Die oomblik as sy gekonfronteer word oor die toekoms, mag sy ongelukkig kies om die fetus te aborteer.

As 'n aborsie gedoen word en dit werk nie reg nie, gaan die swangerskap aan.

Die kind sal dan as hy gebore word, alreeds ly aan verwerping en vrees en die "gees van die dood".

As die aborsie suksesvol gedoen word, ontvang die moeder net daar 'n "gees van moord" en 'n "gees van verwyte en van skuldgevoel."

Al die volgende swangerskappe en kinders wat nou gebore word uit 'n baarmoeder wat 'n aborsie gehad het, het almal ook 'n "gees van dood en van vrees."

Dit gebeur net omdat daardie kinders vir nege maande (40 weke) spandeer het in 'n baarmoeder waar 'n lewe ge-eidig het in dood.

Sulke kinders word baie keer groot met vrees, nagmerries, gedagtes van die dood en eindig baie in selfmoord.

6. SIELSVERBINTENISSE ("SOULTIES")

Sielsverbintenis vorm wanneer twee of meer persone saamgesmee of saamverbind word.

Sommige verbintenis is heilig en goed, terwyl ander verkeerd, ongoddelik en demonies is.

(i) GOEIE SIELBANDE:

- ❖ Vriende
- ❖ Christen broers / susters
- ❖ Vader en seun
- ❖ die Huwelik

God het die vrou so gemaak dat haar siel verkleef sal wees aan die eerste man wat met haar gemeenskap het.

Sy sal nooit daardie vereniging vergeet nie.

Al sal sy hom in haar gedagtes vergeet, sal haar siel altyd na hom soek, om hom te versorg, hom te vervul en sy kinders te dra.

Indien sy gemeenskap daarna met nog 'n paar mans het, sal haar siel verstrooi word.

Net so sal die man ook in sy siel altyd hunker na die eerste vrou – om vir haar te sorg, te werk en vir ewig na haar om te sien.

Egskeiding verbreek hierdie sielsverbintenis wat God gevorm het, en daarom die trauma en hartseer wat saam met dit gaan.

Na egskeiding moet hierdie sielsverbintenisse in die gees verbreek word deur albei partye, ten einde vry te kom van die bindende effek wat dit het.

(ii) ONGODDELIKE SIELSVERBINTENISSE:

(a) Sielsverbintenisse met die wêreld:

As christene is ons verbied om sulke verbintenisse te maak.

Romeine 12:2 "...en word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed..."

Verbind aan die wêreld is:

- * Wellus van die vlees,
- * Wellus van die oog, en
- * Trotsheid van die lewe.

(b) Onsedelike verbintenisse:

Dit word gevorm deur onsedelike seksuele verhoudinge buite die huwelik.

Hierdie ongoddelike sielsbande word deur wellus veroorsaak, en die siel sal verstrooid wees.

(c) Ontaarde of verdraaide familiële verbintenisse.

Dit is onnatuurlike familiële bande wat voortgaan vanaf kinderjare tot laat in volwassenheid, genoem: "voorskootbande".

Hierdie "apron ties" vorm bv. tussen 'n ma en haar kind, maar die ma hou totale beheer oor die kind, al is hy later al getroud.

Indien kinders trou, moet hulle sielsbande met hul pa en ma verbreek word, anders bly daar 'n toutrekkery.

(d) Sielsverbintenis met oorledenes:

Wanneer 'n famlielid of baie-naby vriend sterf, moet alle sielsbande met die persoon afgesny word.

As die man bv. sterf, sal hulle nooit weer man en vrou wees nie. Die sielsbande moet afgesny word anders is daar altyd verlengde rou, wat net aangaan.

Sy hou aan sy ring dra, was bv. nog gereeld sy klere een keer per maand en fantaseer voortdurend oor die verlede.

Sy maak net nooit klaar nie, en sukkel om aan te gaan met die lewe.

Dit gee net 'n kans vir 'n gees van droefheid, smart, pyn, verdriet, alleenheid en selfbejammering om in te kom.

Indien dit inkom sukkel so 'n persoon om ooit weer enige hegte verhoudinge met ander persone te maak.

7. VLOEKE:

Lyk dit asof frustrasie en mislukkings jou lot in die lewe is?

Word jou lewe gekenmerk deur aanhoudende terugslae en ongelukke?

Lyk dit asof, maak nie saak wat jy doen nie, jy nie die volle seëning van God ontvang nie?

Die mees frustrerende ding van alles is dat jy 'n gelowige is en lief is vir die Here.

Ja, al is ek wedergebore en in die kerk, is dit moontlik dat dinge baie skeef kan loop in my lewe.

Soos alles, berus dit op die keuses wat ek maak in die lewe.

Wanneer my weë nie presies is wat God van my verlang nie, eindig dit so maklik ramspoedig.

Kom ons kyk na die Woord: **Jeremia 40:3b** "...omdat julle gesondig het en ongehoorsaam was aan Hom, daarom het dié ramp julle getref..."

Duidelik weer die keuses wat ons maak.

Chistene kan nog altyd weer sonde doen, veral as dinge nie maklik gaan nie.

Daarna is daar ongelukkig altyd gevolge.

Deut 28:1 "...As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk."

Daarom dan ook **Deut 28:13** "...as jy alles reg doen sal die Here jou God jou die kop maak, nie die stert nie, en jy sal altyd bo wees, nie onder nie..."

Maar dan volg **Deut 28 vanaf vers 15** "...as jy nie luister na die Here jou God nie, en jy gehoorsaam nie al sy gebooe en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, sal al die strawwe ("vloeke" in 1933 vert) oor jou kom en jou tref. daar sal 'n vloek op jou rus in die stad, daar sal 'n vloek op jou rus in die oop veld, daar sal 'n vloek rus op jou oesmandjie en op jou knieskottel. daar sal 'n vloek rus op jou nageslag..."

Dis tog vanselfsprekend!

Laat ons dit toe, kind van God?

Daar is altyd 'n rede vir 'n vloek – dit kan nie net vanself kom nie. Die Woord sê tog duidelik: 'n vloek is die vergelding of die gevolg in 'n persoon (en ook sy nageslag) a.g.v. sonde en ongeregtheid.

Ons mag nie die deure vir vloeke oopmaak deur af te wyk van God se standarde en sy Woord nie.

Vloeke sal aanhou deur die bloedlyn vir geslagte, tot op die dag dat hulle bely word, en in geloof by die kruis van Jesus finaal gebreek word.

Wat is hierdie ongeregthede wat ons doen en toelaat?

Daar is **verskillende soorte**:

(i) Seksuele sonde: Om jou skuldig te maak aan:

Owerspel; egbreuk; hoerery; homoseksualiteit; lesbiënisme en om mense te molesteer en te verkrag. Hierdie sonde maak die deur oop vir die "gees van wellus".

(ii) Finansiële sonde: Om jou skuldig te maak aan:

Geldverkwisting; kullery; verneuk met geld; dobbel; omkoper; roof en onwettige handel.

Dit maak die deure oop vir die "gees van armoede".

(iii) Godsdienstige sonde: Om jou skuldig te maak aan:

Afgodaanbidding; voorvaderaanbidding; aflê van 'n eed aan groepe of organisasies of gode.

Die geskiedenis van familie lei tot baie van hierdie vloeke.

(iv) Geestelike sonde: Om jou skuldig te maak aan:

Towery; voorspellings; goëler; voodoo en betrokkenheid in die okkulte.

(v) Gedrag-sonde: Om jou skuldig te maak aan:

Trots; rebellie; dronkenskap; mishandeling; manipulasie en humeurigheid.

(vi) Familiële sonde: Om jou skuldig te maak aan:

Die omdraai van familie-orde; pabroek mans; dominerende vrouens en opstandige kinders.

(vii) Sonde van spraak: Om jou skuldig te maak aan:

Laster; leuens; skinder; kritiseer; vloektaal; uitspreek van vloeke en towerspreuke.

Opsom: sondige praktyke veroorsaak vloeke.

Stellings van mense wat kan dui op `n vloek:

"ek neem een stap vorentoe, maar twee stappe terug."

"dit lyk asof niks goeds ooit vir my kan uitwerk nie."

"dit lyk asof ek nooit kan voorkom nie."

"dit lyk asof ek nooit van hierdie probleem gaan ontslae raak nie."

"ek het vooraf geweet iets slegs gaan gebeur."

"as iets gebeur, gebeur die slegste gewoonlik met my."

"ek kan maar probeer, geluk kom nooit na my toe nie."

"dit het met my ouers gebeur, en nou gebeur dit met my ook."

SIMPTOME EN TEKENS VAN VLOEKE: DAAR IS:

❖ **Kroniese finansiële probleme:**

- Bankrotskap en armoede in die familie – vir geslagte al
- Altyd `n geskiedenis van skuld
- Daar is aanhoudende rekeninge en terugslae
- Karre wat voortdurend breek en reggemaak moet word
- Verloor altyd geld en beursies
- Aanhoudende inbrake en diefstal
- Sukkel om werk te kry en om die werk te behou
- Altyd ongelukke by die huis en by die werk.

❖ **Kroniese siektes en toestande:**

- Kroniese siektes sedert jou kinderdae
- Siektes wat nooit reageer op behandeling nie

- Familële siektes wat net gaan van geslag tot geslag
- Kroniese familiële spanning en depressie; suikersiekte
- Verhoogde cholesterol; allergieë; asma, ekseem
- Sekere bloedsiektes; gewrigsiekte en velallergie.

❖ **Vroulike orgaan-probleme:**

(hierdie vloeke het te doen met die voortplantingsorgane.)

- Kinderloosheid (ook uitgespreekte vloeke teen haar)
- Herhalende miskrame
- Baba's word dood gebore
- Endometriose
- Voortdurende infeksies wat nooit regtig goed reageer op behandeling nie.

❖ **Geneig tot ongelukke:**

Om 'n ongeluk oor te kom is normaal, maar as dieselfde ongeluk voortdurend herhaal, is dit moontlik 'n vloek, bv:

- Herhalende kere te stik in kos of drank
- Herhalende motorongelukke – veral as mense altyd in jou vasry
- Om 'n arm of been 'n paar keer op dieselfde plek te breek
- Word altyd maklik deur 'n hond gebyt
- Sny jouself voortdurend raak of brand jouself kort-kort met die stoof of met die strykyster.

Al hierdie is pogings om jou seer of dood te maak.

❖ **Huweliksprobleme:**

- Voortdurend veg en stry
- Altyd kompetisie oor wie in beheer is
- Trots en kritiseer mekaar voortdurend – soms voor mense
- Die ewige ophaal van die verlede
- Stilstuipes.

So word plek gemaak vir die “huwelik-opbrekende gees”

❖ **Voortydige sterftes:**

- Selfmoord – ook in families

❖ **Geestes-siektes:** dit sluit in:

- Kranksinnigheid en om jou verstand te verloor
- Verwarring
- Skizofrenie en Bi-polêre siekte
- Voortdurende sensuêre-ineenstortings.

❖ **Mishandeling en misbruik maak van mense:**

- Fisiese en mondelingse mishandeling
- Seksuele misbruik, molestering.

❖ **Swerversgees:**

- Kom nooit tot rus nie - swerf van dorp tot dorp, plek tot plek en werk tot werk.

Hulle het net nooit genoeg rigting en motivering nie.

8. TOESTANDE WAT KAN

AANLEIDING GEE TOT PROBLEME:

(a) VERWERPING

Die mees algemene, ongediagnoseerde en daarom onbehandelde toestand in die kerk vandag, is **VERWERPING**:

Die meeste van ons word ongelukkig êrens in jou lewe verwerp.

Verwerping is:

- ❖ Wegstoot van jou liefde
- ❖ Om nie aanvaar te word nie
- ❖ Om jou te weier
- ❖ Om jou die koue skouer te gee
- ❖ Om verwaarloos te word
- ❖ Om teleurgestel te word of
- ❖ Om jou te ignoreer.

Verwerping gee wonde in jou siel, wat as dit nie reg hanteer word nie, abnormaliteite later in jou persoonlikheid veroorsaak.

Sulke persone is later baie meer vatbaar vir onstabiele optrede, verhoudings en opvattinge.

Later kan fisiese simptome ontstaan van die emosionele stres van jou verwerping, wat bekend staan as "psigo-somatiese" siektes.

Verwerping se wortels:

- ❖ **Wortel van verwerping:** Dit kom deur die bloedlyn – geslag tot geslag.
- ❖ **Vrees vir verwerping:** Slegte reaksie, en maak dat jy mure om jou bou om jouself te beskerm.
- ❖ **Selfverwerping:** Hier verander jy jou lewe so, dat dit vir ander aanvaarbaar moet wees.

Twee hoofreaksies teenoor verwerping:

- ❖ **Rebellie:** Hulle is basies aggresiewe persone, wat beheer word deur trots en hoogmoed.
Kan maklik ander mense seermaak.
- ❖ **Vreesagtige gedrag:** Mense wat passief raak, en beheer word deur ongeloof. Kan maklik hulleself beseer.
Erge "mood swings". Val maklik in alkohol en dwelms.
Self-haat. Pleeg selfmoord.

Redes waarom mense ly aan verwerping:

Satan kan slegs opereer waar hy toegelaat word of wettiglik die reg gekry het.

- ❖ Vloek as gevolg van voorvaders (**Eks 20:4-5; Deut 30:19**)
- ❖ Ouers se negatiewe gesindheid teenoor kinders.
- ❖ Verslawende optrede en/of gewoontes.

Verwerping vanuit die baarmoeder:

Albei ouers kan verwerping uitstraal na hul ongebore baba.

Kom voor in: Onbeplande swangerskappe, finansiële redes, te gou na ander baba of vrees om geboorte te gee.

Sulke verwerping veroorsaak dat:

- ❖ Aangenome kinders gevoel kry van: "niemand wil my hê nie".
- ❖ 'n Kind gevorm in wellus (verkragting, bloedskande, of ongetroude ouers) sal 'n "gees van wellus" ontvang, wat hom sal volg deur sy lewe. (masturbasie op 'n baie jong ouderdom) of later seksuele afwykings as volwassenes.
- ❖ Moeders in erge alkohol, dwelms of rookverslawing, sal die gees oordra na hul kinders.
Eindig in erge spanning as volwassenes.

Verwerping direk na geboorte:

Geboorte-afwykings, bv. haaslip

Omstandigheids-probleme:

- ❖ Geen band wat kan vorm – moeder te siek na geboorte.
- ❖ Gelaat met ouers, bv. as moeder dadelik moet gaan werk.
- ❖ Aangenome kinders.
- ❖ Dood van 'n ouer.
- ❖ Egskeidings in daardie stadium of tydens swangerskap.
- ❖ Kompetisie vir liefde. (bv. daar is 'n ouer kind wat baie siek is / of al die aandag kry)

Verwerping gedurende kinderjare:

- ❖ Slagoffer van mishandeling. verbaal, fisies of seksueel.
Hierdie eindig later in: haat vir mans, vrees vir mans, skuldgevoelens en skande.
- ❖ Verwerping deur ouers, onderwysers of mede-leerlinge.
- ❖ Ouers wat bankrot speel/kinders in ander sorg gelaat.
- ❖ Fisiese probleme, bv. het 'n kort been, erge aknee, ens.
- ❖ Egskeidings in hierdie tyd: hierdie eindig in: woede-buie, "tantrums" as kinders, en dan as geweld en misdad later, en die soeke na die alternatiewe.
Kinders wat uit egskeidings kom het baie keer skuldgevoelens en haat, en het later bevryding nodig.

Verwerping as volwassenes:

- ❖ Kry nie man of vrou nie.
- ❖ Werks-verwerping, afdanking by werk of nie goed genoeg vir werk nie.

- ❖ Huweliksverwerping, deur bv. vrou en kinders.
- ❖ Seksuele verwerping. (Vrouens passop vir koudheid of manipulasie – passop vir die hoofpyn!)
- ❖ Fisiese gestremdheid – kan nie vir gesin sorg nie.
- ❖ Alkohol misbruik, dobbel, pilverslaafde.

Hoe om genesing te ontvang:

- Erken jy het 'n probleem en wees leerbaar. Jy moet verander.
 - Glo dat jy herstel kan word deur die beloftes van God.
Dit is deel van Sy genade.
 - Bely dit wat deel uitmaak van jou seer. Laat toe dat die Heilige Gees jou wonde en herinneringe genees.
 - Vergewe almal wat betrokke was en is.
Dit begin om God se vergifnis in jou eie hart te ontvang, en vergewe dan die ander.
 - Vergeet. Die “gees van geheue” moet verdryf word.
Maak altyd seker dat jy moet vergeet!
 - Word bevry. Dryf die geeste uit wat al die verwoesting gedoen het. Ten volle belydenis vra vir deel wat jy gehad het met al die probleme.
 - Vul nou jou huis met die volheid van die Heilige Gees.
 - Vul jou huis met die karakter en die natuur van Jesus Christus en maak seker dat jy jou gedagteswêreld vernuwe.

(b) BITTERHEID:

Heb 12:15 “...pas op dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek, en baie hierdeur besoedel word nie...”

Die wortel van bitterheid is verantwoordelik vir baie probleme, bv. haat, onvergewensgesindheid en woede.

Bitterheid hou ou pynlike insidente aan die lewe!

(c) VREES:

Baie spanning in die begin van jou lewe, maak die deur oop vir hierdie geeste.

'n Erge traumatiese insident of tyd van erge vrees of erge skok, kan jou as volwassene open vir geeste van marteling en foltering, wat jou kan verhoed om geestelik te groei.

Vrees kan ons verlam en ons onder geweldige spanning plaas, bv. as jy iets moet doen of êrens moet heengaan, waarvoor jy bang is. Jesus het ons vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Voor jou bekering het die meeste 'n vrees vir die dood, maar jy moet die dood nie vrees nie.

Jesus het die krag van die dood oorwin!

As gelowiges moet ons die besluit neem om nie in vrees te lewe nie. Ons moet net op God vertrou, bely wie ons in Christus is, 'n lewe leef van geloof, lofprijsing en aanbidding in die gees.

In Numeri 13 lees ons dat manne uitgestuur word om Kanaän te gaan verken. Tien kom terug met 'n "gees van vrees"!

Num 13:31 "...ons kan nie teen hulle optrek nie, want hulle is sterker as ons..."

Wat sê Kaleb? **Num 14:9** "...wees nie bevrees vir hulle nie!"

Num 14:24 "maar my kneg Kaleb, omdat 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg – hom sal Ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem."

Num 14:37 "en die manne wat 'n slegte gerug aangaande die land versprei het, het gesterwe deur 'n plaag voor die aangesig van die Here."

Hierdie is 'n voorbeeld wat wys dat vrees kan maak dat jy dit wat God vir jou beplan het, mis. Vrees vir mense maak ook dat jou hele bediening aan bande gelê kan word.

(d) TROTS EN KRITIEK:

God haat trots!

Trotsheid kom direk uit die hel – dit is Satan se gif!

Lev 26:19 "...Ek sal julle trotse mag verbreek"

Job 33:17 "...en trotsheid vir die man verberg..."

Spreuke 29:23 " die trotsheid van 'n mens verneder hom..."

Trots is gewortel in verwerping en rebellie.

Die vrug van trotsheid:

Hooghartigheid, verwaandheid, dink te veel van homself, egoïsme, arrogansie, sarkasme, self-gesentreerdheid, dwing sy eie bevele af. Die trots-gees is die "gees van Leviatan" en moet totaal in jou lewe uitgeroei word. God moet altyd alles in jou beheer.

(e) Rassisme: Maak klaar !

(f) Besluitloosheid

Dit is baie algemeen.

Persone wat normale besluite uitstel en lank neem om tot aksie oor te gaan.

Erf dit ook oor in families.

Hierdie geeste kan dit vir jou so moeilik maak om die kleinste besluit te moet neem. Hoe langer hulle soms neem om tot aksie oor te gaan, hoe moeiliker word dit, net om dan skielik te besluit, en so dikwels te skik vir iets wat nie die beste is nie.

Saam met dit gaan ook soms die "gees van vergeet".

Voorbeeld: ma vra hom om sy kamer skoon te maak, "ek sal later mamma", met baie goeie intensies.

Later is dit nie gedoen nie.

Antwoord: "Ekskuus mamma, ek het vergeet!!"

(g) Perfeksionisme

Te erg is te erg.

Verwerping loop soms saam met perfeksionisme.

Die verwerpte persoon streef na totale perfeksie om sodoende respek en aanvaarding te kry.

Soms is perfeksionisme kompensasie vir minderwaardigheid.

Ons grootste vyand is nie die Satan nie – hy's lankal oorwin. Ons vyand is ons eie gedagtes en leefwyses wat ons weer in 'n toestand van slawerny wil inneem – al is ons eintlik oorwinnaars. Daarom sê Jesus dat ons, ons gedagtes moet verander

(Rom 12:2)

Ek is so vasgevang dat ek allerhande dade van diensbaarheid probeer om my beter te laat voel.

Stel jou fokus in op wat jy WIL doen, en nie in op wat jy KAN doen nie.

9. ONS GEESTELIKE WAPENS:

Ons wapens is geestelik en nie fisies nie.

Efesiërs 6:10-12;

vers 10: Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte

vers 11: Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

vers 12: Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

In hierdie stuk sien ons Paulus se algemene opdrag in vers 10, sy spesifieke opdrag in vers 11, en die rede vir albei opdragte in vers 12.

Die algemene opdrag (vers 10): "Soek julle krag in die Here en in Sy groot krag".

Laat toe dat julle voortdurend versterk word deur die krag wat alreeds tot julle beskikking is deur julle nuwe posisie in julle verhouding met Christus.

Dis dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het en wat nou in julle is.

Die spesifieke opdrag (vers 11): "Trek die volle wapenrusting aan wat God vir julle gee".

Hoe laat jy jouself toe om jou krag in die Here te soek?

Deur sonder ophou en herhaaldelik die geestelike beskerming aan te trek wat God aan jou op `n bepaalde tyd voorsien het.

Dis gegee met die uitsluitelike doel om vas te bly staan in jou posisie in Christus wanneer jy deur Satan aangeval word.

Die rede vir hierdie opdragte (vers 12):

“ons stryd is nie teen vlees en bloed nie..”

1. Die Naam van Jesus Christus:

Die manier om die Naam van Jesus te gebruik, is om die vyand aan te spreek “in die Naam van Jesus Christus!”

Ons bestraf en beveel Satan en sy demoniese magte, en ons bind en ontbind in die Naam van Jesus, deur gebruik te maak van ons outoriteit.

2. Die Bloed van Jesus Christus:

Die bloed van Jesus is kragtig en wonderbaar, en open vir ons die deur na God die Vader en bevry ons van die vloek en die krag van sonde.

3. Die Woord van God:

Ons moet dit ken as ons dit as wapen wil gebruik.

4. Liefde:

As ons nie liefde vir mekaar het nie, waarom sal ons dan vir mekaar wil gaan help oorlog maak?

5. Lofprysing:

Dit is 'n uitdrukking van geloof.

Moet altyd 'n integrale deel uitmaak van elke Christen se lewe.

6. Saamstaan/saamstem:

Vind eimand wat saam met jou in gebed kan staan en stem.

7. Om te vas:

Daar is 33 verskillende maniere om te vas.

8. Musiek:

Geestelike musiek breek die juk van gebondenheid.

9. Gebed en intersessie:

Bevryding is 'n bediening van liefde en intersessie.

Ons monde is baie effektief as ons dit gebruik as "die swaard van die gees".

Jes 55:11 "...die woord sal nie leeg terugkeer nie..."

OUTORITEIT:

Die grondslag van geestelike oorlogvoering is **OUTORITEIT**.

Dis waarom Jesus Christus sy absolute outoriteit in die hemel en op aarde kom verklaar het, en sy alomteenwoordigheid in sy dissipels, voordat Hy hulle uitgestuur het in wêreld-evangelisasie.

Mattheus 28:18-20.

'n Parafrase van Jesus se belofte in **Matt 28:19**, sal wees:

"Daar bestaan kragte in die hemel en op aarde wat julle sal teenstaan as julle uitgaan om My evangelie te verkondig.

Maar, wees bly, want aan My is gegee absolute en totale outoriteit in die hemel oor bo-natuurlike wesens wat julle sal teenstaan, en op aarde oor menslike geeste wat teen julle sal werk.

Geen outoriteit is groter as My outoriteit nie, want Ek is die Here oor die hemel en oor die aarde.

Daarom, gaan uit, want julle sal kan dissipels gaan maak van alle menslike groepe in die nasies van die aarde.”

’n Parafrase van **Mattheus 28:20b** sal wees:

“Ek wil aan julle nog ’n woord van bemoediging gee.

Om My opdragte uit te voer, gaan moontlik wees.

Alhoewel julle magte sal teenkom en bese bo-natuurlike geeste en aardse kragte wat teen julle sal opstaan, wees bly en vol moed.

Ek, die Here van die heelal sal saam met julle wees want deur My Gees sal Ek in julle wees, altyd, tot aan die voleinding van die wêreld”.

Dis waarom Jesus Sy totale outoriteit oor alle vorme van demoniese magte en kragte, aan al Sy dissipels gegee het, en nie net aan die twaalf apostels nie.

Lukas 10:1 en 17-19;

Vers 17: “In U Naam..” is die sleutel.

- deur identifikasie met Hom,
- deur eenheid met Hom,
- deur optrede in totale geloof in Sy aktiewe alomteenwoordige krag in ons lewens en bediening,
- deur om deel te hê in Sy outoriteit.

10. GEBED VIR VERBREKING VAN VLOEKE EN BEVRYDING:

Hemelse Vader, ek kom bely enige sonde in my lewe en in die lewe van my voorouers, wat 'n vloek in my lewe veroorsaak het.

- ❖ Ek bely al die ongehoorsaamheid, opstandigheid, rebellie, woede, wellus, ontrouheid, owerspel, mishandeling van andere, leuens, skelmstreke, okkult-betrokkenheid, voorbodes en afgod-aanbidding in my lewe.
- ❖ Ek bely my sonde, en vra dat U my sal vergewe daarvoor, en my sal skoonwas in die bloed van Jesus Christus.
- ❖ Ek neem nou outoriteit en breek elke vloek in my lewe, in die Naam van Jesus Christus.
- ❖ Ek breek elke vloek van:
armoede, skuld, verwoesting, siekte, dood en die swerwersgees in my lewe.
- ❖ Ek breek elke vloek oor my familie, my huwelik en oor my kinders.
- ❖ Ek breek elke vloek van:
verwerping, trots, rebellie, vrees, onsekerheid, verwarring, minderwaardigheid, kritiek en twyfel.
- ❖ Ek breek elke vloek wat my finansies, gedagtes, karakter, emosies, my wil en my verhoudings aantast.
- ❖ Ek breek elke vloek en elke spel wat teen my uitgespreek is deur mense.
- ❖ Ek breek elke ketting, elke band, gewoonte en verslawing.

- ❖ Ek staan op die Woord dat Jesus Christus in my plek vir my 'n vloek aan die kruis geword het, sodat ek vry kan wees daarvan.
- ❖ Ek spreek my en my nageslag nou vry op daardie belofte.
- ❖ Ek kom nou in die Naam van Jesus Christus teen elke onrein en demoniese gees wat in my ingekom het.
- ❖ Ek beveel nou in die Naam van Jesus Christus elke gees van: verwerping, bitterheid, onvergewensgesindheid, gees van die dood, vrees, pyn, seksuele wellus, perversie, gedagte beheer, towery, goëlery, waarsêery, armoede, verwarring, siekte, egskeiding, angs, depressie, alleenheid, humerigheid, rassisme, selfbejammering, woede, teleurstelling, minderwaardigheid en verslawing om uit my uit te gaan.
- ❖ Here God, dankie dat U my nou vry maak van elke vloek en onrein gees wat ooit in my lewe werksaam was.
- ❖ In die Naam van Jesus Christus
- ❖ Amen.